

# DISSIPELSKAP. LES 11

1	GEBED
---	-------

Bid vir leiding van die Heilige Gees , vir bewuswording van sy teenwoordigheid vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS MY HELPER
---	------------------------	---------------------------------------

Definisie

*Lees voor.* Aanbidding is:

- 'n houding van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- uitgedruk in verskillende vorme van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding stil by één kenmerk (eienskap) van God waarvoor ons Hom aanbid.

Tema: God is my Helper.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

Elke gelowige het vyande. Soms is dit familieleden of vriende, wat jou geloof in Jesus Christus afkeur of selfs daarmee spot. Soms het jy as gelowige te kampe met bose geeste, omdat jy vroeër daarmee kontak gehad het. Maar dikwels is jou grootste vyande die sondige wêreld met sy verleidelikhede rondom jou en jou sondige natuur met sy verkeerde begeertes binne in jou.

Maar God is ons Helper. Hy sê: “Ek gaan saam met jou en sal vir jou veg”. “Moenie bang wees nie. Staans vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red” (Eksodus 14:13-14).

## 1. Soms help God jou teen jou vyand deur jou vyand te verwyder.

Hy veg vir ons en laat ons toe om sy krag en oorwinning te aanskou. “Ons God, sal U hulle nie straf nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, te weerstaan nie. Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig.” Die hele Juda en hulle afhanklikes, vrouens en kinders, het daar voor die Here gestaan. Toe kom die Gees van die Here daar in die gemeente oor die Leviet Jagasiël seun van Sagaria, seun van Benaja, seun van Jeiel, seun van Mattanja, uit die nageslag van Asaf, en sê: “Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie ’n saak vir julle nie, maar vir God. Trek hulle môre tegemoet, wanneer hulle in die bloeiselpas opkom. Julle sal hulle aantref by die punt van die vallei wat in die Jeruelwoestyn uitloop . Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees.” ... “Juis toe, toe die sangers met die lofprysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk op die Ammoniete, die Moabiete, en die mense van die Seirberge wat teen Juda opgetrek het., en hulle het die een neerlaag na die ander gely. Toe val die Ammoniete en die Moabiete die inwoners van die Seirberge aan en spaar niemand nie en roei hulle uit. En toe hulle klaar was met die inwoners van Seir, het hulle mekaar begin uitdelg” (2 Kronieke 20:12-17, 22-23).

## 2. Soms help God jou as jy jou vyand in die oë moet kyk.

By sekere geleenthede verwyder God nie ons vyande nie, want Hy wil dat ons leer om ons vyande lief te hê en vir hulle te bid. “Maar vir julle wat na my luister, sê Ek, Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word” (Lukas 6:27-28).

Of Hy wil ons leer hoe om in moeilike omstandighede ’n volgeling van Jesus Christus te bly. “Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus Self vir julle gely en so vir julle ’n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit ’n leuen gekom nie.” Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel” (1 Petrus 2:21-23).

Of Hy gebruik ons vyande om ons karakter te bou! As God tevrede is met ons reaksie teenoor ons vyande, laat Hy dikwels ons vyande in vrede met ons lewe (Spreek 16:7). By ander geleenthede wil God ons toerus met die geestelike wapens om die stryd te kan stry. Efesiërs 6:10-17 sê dat ons die volle wapenrusting van God moet aantrek om staande te kan bly teen ons vyand. God bly altyd teen die sondige wêreld en teen die sondige natuur in ons veg. “Geliefdes, in die

wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe" (1 Petrus 2:11).

### 3. God help ons in al ons omstandighede.

**Lees** Deuteronomium 1:29-33; Hebreërs 13:5-6.

"Toe het ek vir julle gesê: "Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie. Die Here julle God gaan voor julle uit en Hy sal vir julle veg net soos Hy in Egipte voor julle oë alles vir julle gedoen het. Julle het in die woestyn ondervind hoe die Here julle God julle die hele pad waarlangs julle tot hier toe gekom het, gedra het soos 'n man sy seun dra. Maar tog het julle nie julle vertroue gestel in die Here julle God wat op die pad voor julle vooruit gegaan het om kampplekke vir julle uit te soek nie. Snags het Hy vir julle julle pad met vuur aangewys en bedags met 'n wolkkolom."

"Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." Daarom kan ons met vertroue sê: "Die Here is my Helper, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen?"

'n Reis deur 'n woestyn of 'n lewe in 'n woestyn is baie moeilik! Dis baie warm in die dag en snags is dit weer baie koud. Daar is baie min natuurlike bronne soos water, voedsel en skuilplek. Daar is geen beskerming teen vyandige aanvalle nie. God se volk moes hierdie moeilike omstandighede vir 40 jaar verduur! En tog sê God dat Hy sy volk *gedra* het soos 'n pa sy eie seun dra, totdat hulle hul bestemming bereik het. Dikwels neem God nie die moeilike omstandighede van jou weg nie, maar laat Hy jou ook nie in die steek nie. Jy hoef nie die moeilike omstandighede in eie krag te oorwin nie. Hy dra jou deur al die moeilikhede heen. Terwyl God jou dra, leer Hy jou om op sy nabyheid, wysheid, mag, verlossing en hulp te vertrou.

### 4. God help ons op ons lewensreis.

Dis nie maklik om op reis te gaan as jy nie die presiese roete ken wat jy moet volg nie. Met ons lewensreis is dit dieselfde. Ons het nog nooit op hierdie pad gereis nie. Alhoewel ons in die geloof weet waar die eindbestemming van ons reis is, het ons dit nog nie ervaar nie. Ons het nog nie daar aangekom nie. Om op jou lewensreis sonder God te gaan, is dieselfde as om met 'n skip te wil vaar sonder 'n kompas en 'n kaart. Sonder 'n afhanklikheidsverhouding met God sou jy ook as gelowige jou rigting heeltemal kwyt wees of telkens van die regte pad afdwaal; sonder rigting en buite beheer. Sonder God sak jou moed sommer in jou skoene in. Sonder God sou jy ook nie weet waar en wanneer om te rus nie.

God gaan voor jou uit op die weg, maar oor die algemeen gaan God ook nie vir jou die pad lank voor die tyd aandui nie. Hy leer jou om in geloof op sy leiding te vertrou, om jou hand in syne te lê en jou stap vir stap deur Hóm te laat lei. In die Bybel wys Hy ons stap vir stap hoe om Hom te vertrou. Psalm 119:105 sê: "U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad."

Aanbidding.

Laat elkeen in die groep met een of twee sinne God as jou Helper aanbid.

3	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE]</i> JOHANNES 7:53 – 11:37
---	------------------	---

**Maak beurte en deel kortliks (of lees** van) jou notas wat jy geleer het uit een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes (Johannes 7:53 – 11:37). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie bespreek wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (20 minute)	<i>[GEMEENSKAP]</i> ONS VERANTWOORDELIKHEDE TEENOR MEKAAR
---	----------------------	--

Hoe gaan julle as Christene met mekaar om? Wat is dié kenmerk van die Christelike gemeenskap, van 'n Christelike gemeente? In Johannes 13:34-35 sê Jesus: "Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle *mekaar* ook liefhê. As julle *mekaar* liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." Die kenmerk van christelike gemeenskap is dus dat ons *mekaar* liefhet net soos Jesus ons liefhet. Die liefde is die duidelikste kenmerkende wat Christene en hulle geloof van alle ander mense en ander godsdienste moet onderskei! Dié liefde trek mense na Jesus en ook na die christelike gemeenskap toe aan! Maar wat presies is die christelike gemeenskap en hoe kan jy ander liefhê soos Jesus jou liefhet?

## A. VERHOUDINGE IN DIE CHRISTELIKE GEMEENSKAP

### 1. Die christelike gemeenskap word gekenmerk deur verhoudings met God en met mense in die liggaam van Christus.

Met wie het Christene 'n vertroulike omgang (gemeenskap)?

**Lees** 1 Korintiërs 1:9; 1 Korintiërs 12:12-13; 1 Korintiërs 12:25; Efesiërs 3:12; 1 Johannes 1:3.

Christene het die moontlikheid om vertroulik met die Drie-Enige God om te gaan: met God die Vader, op grond van wat Jesus Christus tot stand gebring het en deur die werking van die Heilige Gees. Christene kan ook vertroulike verhoudings met ander Christene in die Liggaam van Christus hê.

Jy kan nie jousef as Christen los dink van Jesus Christus of van die Christelike Gemeente (Kerk) nie! Die Gemeente (Kerk) is die Liggaam van Christus, Christene is die ledemate van daardie Liggaam en Christus is die Hoof van daardie Liggaam. Die Liggaam funksioneer slegs as die ledemate die wil van die Hoof uitvoer! Jesus Christus as Hoof laat nie toe dat ledemate hulle van die Liggaam afskei nie! Hy laat nie toe dat die Liggaam onafhanklik van Hom funksioneer nie!

## 2. Die christelike gemeenskap word gekenmerk deur verhoudings in groepsverband.

Wat sou Christene kon doen as hulle bymekaar kom?

**Lees** Handeling 2:42; 5:42; Efesiërs 5:19; 1 Timoteus 4:13.

Die meeste Christene kom gereeld bymekaar in groter of kleiner groepe. Tydens hierdie byeenkomste gesels hulle oor die evangelie en lees of bestudeer die Bybel. Hulle aanbid, sing, maak musiek, gesels en eet saam met mekaar. Hierdie groot of klein groep se byeenkoms is onontbeerlik vir die Christelike gemeenskap.

**Aantekeninge.** Christelike gemeenskap is dus basies “om *mekaar* lief te hê soos Christus ons liefgehad het”.

## 3. Die christelike gemeenskap word gekenmerk deur verhoudings met verantwoordelikhede teenoor mekaar (*mekaar verantwoordelikhede*).

Die beste manier om te verstaan wat die christelike gemeenskap beteken, is om te kyk na wat die Bybel sê oor die verantwoordelikhede wat Christene teenoor *mekaar* het. Die Bybel sê: “Julle moet *mekaar* liefhê”, “leer *mekaar*”, “dien *mekaar*” ens. Hierdie bevel is van toepassing op alle Christene oor die hele wêreld. As hierdie verantwoordelikhede prakties toegepas word, het hulle *mekaar* lief soos Jesus hulle liefhet.

### B. DE KERNVERANTWOORDELIKHED: HÊ MEKAAR LIEF

Die mees noodsaaklike en hoogste norm vir die Christelike gemeenskap is dat Christene *mekaar* moet liefhê soos Jesus Christus hulle liefhet.

#### 1. Die bevel om lief te hê.


Johannes 13:34-35 Sê: “Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet *mekaar* liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle *mekaar* ook liefhê. As julle *mekaar* liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is”. Dit is ’n *bevel* en daarom is daar geen ander opsie, ons het nie ’n ander keuse nie, ons moet liefhê!

1 Tessalonisense 3:12 sê: “Mag die Here julle liefde vir *mekaar* en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak...”

#### 2. Die norm vir liefhê.

Christene moet liefhê, nie soos die wêreld liefhet nie, nie soos nie-Christene mekaar liefhet nie, maar soos Jesus Christus hulle liefhet. Dit is *die norm of standaard* vir die liefde.

#### 3. Die driehoek illustrasie vir christelike gemeenskap.



Sonder Christus het jy net ’n horisontale verhouding met ander soos wat mense in die wêreld met mekaar het. Jy kan andere dan nie liefhê soos Christus jou liefhet nie! Dan sou jy byvoorbeeld die andere nie kan vergewe soos Christus jou vergewe het. Jesus het duidelik gesê: “Sonder My kan julle niks doen nie” (Johannes 15:5).

Jy het eerstens die vertikale verhouding met Christus nodig waarin jy die krag kry om ander lief te hê soos Hy jou liefgehad het. Saam met Christus het jy ’n horisontale verhouding met ander wat bepaal word deur jou vertikale verhouding met Christus. Saam met Christus kan jy ’n hele leërbende stormloop en hoë mure uitklim (Psalm 18:30).

#### 4. Die eerste in die liefde.

God het ons *eerste* liefgehad (1 Johannes 4:19). Voor die wêreld geskep is, het Hy ons liefgehad (Efesiërs 1:4). Hy het ons dus lief nog voordat ons nog gebore is, en nog voordat ons die evangelie gehoor het (Romeine 10:14-17), ja selfs nog voordat ons begryp het wat sonde, geregtigheid en oordeel inhou (Johannes 16:8-10).

## 5. Die onvoorwaardelikheid en selfopoffering in die liefde.

Jesus Christus het ons lief soos 'n ouer sy of haar kind liefhet, met ontferming (Psalm 103:13). Hy't ons lief soos 'n vriend wat altyd saam met ons wil wees (Johannes 15:14). Die liefde waarmee Jesus ons liefhet, is 'n selfopofferende liefde (Johannes 10:11). Ja, Hy het ons lief met 'n ewige, onveranderlike liefde (Jeremia 31:3). Die liefde van Jesus Christus is ons norm en standaard vir die Christelike liefde.

## 6. Die gawe van die liefde.

Liefhê is 'n bevel (wat uitgevoer *moet* word), maar dis tegelyk ook 'n gawe van die Gees van Christus (en *kan* daarom ook uitgevoer word) (Romeine 5:5). Jesus Christus beveel nie 'n Christen om iets te doen sonder om hom ook in staat te stel om dit te doen nie!

## 7. Die aantreklikheid van die liefde.

Die christelike liefde is die grootste aantrekkingskrag vir mense in die wêreld. Juis vanweë die liefde wat Christene vir mekaar het, sal al die mense in die wêreld weet dat hulle dissipels van Jesus Christus is (Johannes 13:35).

**Moontlike toepassing.** Die liefde is geduldig, vriendelik en nie verbitterd teenoor 'n persoon wat jou onreg aangedoen het nie (vgl. 1 Korintiërs 13:4-8). Om lief te hê is om geduldig te wees en nie verbitterd te wees teenoor die persoon wat iets verkeerd gedoen het nie. Christene behoort liefde te betoon teenoor die mense wat sosiaal uitgestoot is, hulpeloos is of hulle vyandig gedra. Christene behoort altyd die eerste te wees om liefde te betoon en iets opbouends vir die ander een te doen of bereid te wees om op 'n onselfsugtige en selfopofferende manier die ander een te dien.

## C. CHRISTELIKE HOUDING TENOOR MEKAAR

### 1. Lees Romeine 12:10.

(1) Verantwoordelikhede. Betoon hartlike broederliefde teenoor **mekaar**. Ag die ander hoër as jouself.

(2) Moontlike toepassings. Innige liefde van broers en susters beteken dat jy ware vertrouwe, diep gevoelens van toegeneentheid en 'n geestelike eenheid met ander gelowiges deel. Om die ander hoër te ag as jouself, beteken dat jy die woorde en dade van ander Christene ernstig opneem en respekteer, behalwe as jy agterkom dat dit duidelik is dat die ander persoon kwaad praat of die verkeerde doen. Dit hou ook in dat jy alleen goeie dinge van andere vertel.

### 2. Lees Romeine 13:8-10.

(1) Verantwoordelikheid. **Mekaar** liefhê (vers 8) beteken: Doen jou naaste geen kwaad aan nie (vers 10).

(2) Moontlike toepassings. Respekteer die huweliksverhouding van die ander een. Gedra jou so in die verkeer dat ander veilig voel. Beskerm die besittings van die ander een asof dit jou eie besitting is. Gun die ander een wat hy besit en wees tevrede met wat jy het.

### 3. Lees Efesiërs 4:32a.

(1) Verantwoordelikheid. Wees goedgesind (vriendelik, Nuwe Lewende Vertaling) teenoor **mekaar** en vergewe **mekaar**.

(2) Moontlike toepassings. Wees vriendelik en sag, sonder kritiek of afkeur. Streef daarna om maniere te vind om ander te help en hulle nood te verlig. Wees simpatiek teenoor mense wat dit moeilik het. Barmhartigheid triomfeer oor die oordeel (Jakobus 2:13). Vergifnis hou in om nie meer iets teen die ander te hou nie en alles moontlik te doen om die verhouding met daardie persoon te herstel.

### 4. Lees Kolossense 3:13 (Efesiërs 4:2).

(1) Verantwoordelikhede. Verdra **mekaar** en vergewe **mekaar**.

(2) Moontlike toepassings. Verdra die eienaardighede en swakhede van die ander en waardeer terselfdertyd sy sterk punte. Moedig die ander een aan. Vergewe jou medegelowige van harte soos die Here jou vergewe het (vgl. Hebreërs 8:12). Besef dat as jy die ander een nie vergewe nie, God jou ook nie sal vergewe nie (Matteus 6:14-15). Bid vir dié wat jou kwaad aandoen en neem die inisiatief om op 'n positiewe wyse met hom om te gaan.

### 5. Ander verantwoordelikhede m.b.t. ons houding.

Aanvaar **mekaar** (Romeine 15:1-7)

Groet **mekaar** met groot hartlikheid (Romeine 16:16)

Moenie verwaand wees nie, **mekaar** uittart of op **mekaar** afgunstig wees nie (Galasiërs 5:26)

Aanvaar **mekaar** se gesag (Efesiërs 5:21)

Leef in vrede met **mekaar** (1 Tessalonisense 5:13)

Streef altyd na die goeie, vir medegelowiges (Grieks: **mekaar**) sowel as vir ander (1 Tessalonisense 5:15)

Wees nederig teenoor **mekaar** (1 Petrus 5:5-6)

## D. CHRISTELIKE MANIER VAN PRAAT MET MEKAAR

### 1. Lees Romeine 14:13.

(1) Verantwoordelikhede. Moenie **mekaar** veroordeel nie. Moenie **mekaar** kwaad maak nie.

(2) Moontlike toepassings. Die een wat swak is in die geloof moet ophou om die een wat sterk is in die geloof te kritiseer of te veroordeel. Die een wat sterk is in die geloof moet ophou om op die een wat swak is in die geloof neer te sien (te verag). Ons moet mekaar as Christene ook nie probeer dwing om ons geloof op dieselfde manier in die praktyk toe te pas of te beleef nie. Sommige Christene eet bepaalde voedsel nie en ander eet alles. Sommige Christene beskou bepaalde dae as besondere geleenthede en vir ander is alle dae dieselfde. In plaas van om mekaar oor hierdie dinge te veroordeel of te kritiseer, behoort Christene die *verskeidenheid* onder Christene te waardeer en mekaar te bemoedig. “Iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende” (Spreuke 16:28).

### 2. Lees Kolossense 3:9.

(1) Verantwoordelikheid. Moenie vir **mekaar** lieg nie.

(2) Moontlike toepassings. Wees opreg in alle verhoudings en laat eerlikheid oral geld. Spreek net die waarheid as jy die ander daarmee kan opbou en dit in liefde kan doen (Efesiërs 4:15,29). Moenie belowe om vir iemand te bid as jy nie van plan is om dit te doen nie.

### 3. Lees Kolossense 3:16.

(1) Verantwoordelikheid. Onderrig **mekaar** en vermaan (waarsku) **mekaar** in alle wysheid.

(2) Moontlike toepassings. Dis nie net die kerklike ampsdraers, soos die priesters, dominees, leraars, pastore of voorgangers wat onderrig mag gee nie. Mekaar onderrig gee is die verantwoordelikheid en voorreg van *alle Christene*. Onderrig mekaar in die huisgemeentes, kringe of groepe, deur byvoorbeeld wat jy in jou stiltetyd geleer het of tydens die Bybelstudie ontdek het met mekaar te deel. Elke volwasse Christen ('n dissipel) behoort ander te leer om alles wat Christus beveel het ook te gaan doen (Matteus 28:19-20; Kolossense 3:16; Hebreërs 5:11). Die apostel Paulus was oortuig dat Christene in staat behoort te wees om mekaar te onderrig (Romeine 15:14).

Sommige volwasse Christene word geroep en aangestel in die amp van leraar in die gemeente (Matteus 23:34; 1 Timoteus 3:2; 5:17; Titus 1:9; Jakobus 3:1).

Sommige Christene het die geestelike gawe gekry van onderrig om ander Christene toe te rus (Romeine 12:7; 1 Korintiërs 12:28; Efesiërs 4:7-12).

Christene moet ook rekening hou met vals leraars wat die gemeente binnedring (1 Timoteus 1:3; 4:1-5; 2 Petrus 2:1).

Om mekaar tereg te wys beteken om die Woord van God in die denke en gedagtes van die ander in te graveer deur meditasie en memorisering (Deuteronomium 6:6-7). Wys mekaar tereg in waarheid en liefde, maar doen dit onder vier oë (Matteüs 18:15).

### 4. Lees Hebreërs 10:24-25.

(1) Verantwoordelikhede. Spoor **mekaar** daartoe aan om lief te hê en goed te doen. Moedig **mekaar** aan om na die samekomste of byeenkomste te gaan.

(2) Moontlike toepassings. Spoor mekaar aan tot liefdevolle verhoudings en opbouende aktiwiteite in die wêreldwye Gemeente (Kerk) en in die plaaslike gemeente. Neem elke week aktief deel aan een of ander byeenkoms met ander Christene (byvoorbeeld 'n erediens, 'n dissipelgroep, of 'n bediening/diensgroep saam met ander).

### 5. Ander verantwoordelikhede m.b.t. ons woorde.

Sing onder **mekaar** psalms, lofgesange en geestelike liedere (Efesiërs 5:19)

Troos en bemoedig **mekaar** (1 Tessalonisense 5:11)

Wys **mekaar** tereg (Hebreërs 3:12-13)

Moenie kwaad praat van **mekaar** nie (Jakobus 4:11)

Moenie oor **mekaar** kla nie (Jakobus 5:9)

Bely **mekaar** julle sondes en bid vir **mekaar** (Jakobus 5:16)

## E. CHRISTELIKE OPTREDE TEENOOR MEKAAR

### 1. Lees 1 Korintiërs 12:25.

(1) Verantwoordelikheid. Dra gelyke sorg vir **mekaar**.

(2) Moontlike toepassings. Gebruik jou Godgegewe vermoëns (natuurlike talente, genadegawes, bekwaamhede, ervarings) en Godgegewe moontlikhede om ander te dien. Help die swakkes en ontwikkel die sterkes sonder om iemand te bevoordeel. “Moenie partydig wees nie”. (Deuteronomium 1:17; vgl. Maleagi 2:9). “Jy moet die

regspraak sy gang laat gaan en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop” (Deuteronomium 16:19).

## 2. Lees Galasiërs 6:2 (Grieks: las) en Galasiërs 6:5 (Grieks: pak).

(1) Verantwoordelikhede. Dra **mekaar** se laste, maar dra wel jou eie **pak**.

(2) Moontlike toepassings. Ondersteun ander vir wie hul moeilikhede te swaar geword het om dit alleen te kan dra. Hierdie ‘laste’ is tragedies, krisisse en verliese (deur die dood).

Maar elke Christen moet wel sy eie ‘pak’ dra. Hierdie eie ‘pak’ bestaan uit sy eie gedagtes, gevoelens, houdings, motiewe, geloofsoortuigings, behoeftes, keuses en waardes. Hy bly steeds verantwoordelik vir sy eie woorde, reaksies, dade en optredes! Hy is alleen vir hierdie dinge verantwoordelik. ’n Christen moet ook die verantwoordelikheid dra vir wat hy met sy tyd, besittings, talente en liggaam doen. Niemand anders as hyself is verantwoordelik vir hierdie dinge nie. Hy bly verantwoordelik vir sy eie gedrag en reaksies.

## 3. Lees 1 Petrus 4:9.

(1) Verantwoordelikheid. Wees gasvry teenoor **mekaar**.

(2) Moontlike toepassings. Gee kos en slaapplek aan christelike arbeiders wat op reis is. Stel jou huis (of kamer, as jou ouers dit goed vind) oop en beskikbaar vir byeenkomste met ander Christene.

## 4. Ander verantwoordelikhede m.b.t. ons dade/handeling.

Was **mekaar** se voete (Johannes 13:14)

Dien **mekaar** in liefde (Galasiërs 5:13)

Help **mekaar** met die genadegawes wat jy ontvang het. (1 Petrus 4:10-11)

Wees aan **mekaar** verbind. Gaan met **mekaar** om deur in die lig te lewe (1 Johannes 1:7)

## F. PRAKTIESE INOEFENING VAN DIE VERANTWOORDELIKHEDE

### 1. Samevatting van die Christelike verantwoordelikhede.

Christelike gemeenskap bestaan daaruit dat die ‘**mekaar-verantwoordelikhede**’ (d.w.s. van die genoemde verantwoordelikhede op die terreine van jou houding, spreke en handeling) toegepas word. Laat daarom die liefde jou grootste onderskeidingsteken wees!

### 2. Maar: moenie van die verantwoordelikhede nuwe wette maak nie!

Die versoeking waarvoor Christene moet oppas, is natuurlik om hierdie verantwoordelikhede om te sit in ’n lys van christelike wette wat jy maar moeilik almal kan nakom. Geen enkele Christen kan al hierdie christelike verantwoordelikhede tegelyk in die praktyk toepas nie! God vra gelukkig ook nie van ons dat ons al die verantwoordelikhede op één keer moet dra nie. God verwag wel dat jy steeds in een of meer van hierdie verantwoordelikhede moet bly groei. Hierby moet jy ook rekening bly hou met jou persoonlike roeping en die gawes, wat God jou daarvoor gegee het.

### 3. Oefening.

Voorstel: Kies één of twee van die christelike verantwoordelikhede en oefen jouself daarin, bv. vir ’n maand.

### 4. Opvoering.

’n Tweede voorstel: Verdeel die groep in groepies van drie of vier mense en elke groepie beplan ’n opvoering van twee minute oor een van die christelike verantwoordelikhede teenoor mekaar. Neem dan beurt om dit voor die ander op te voer.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIE] BID IN ANTWOORD OP DIE WOORDE VAN GOD
---	------------------	--

**Maak beurt** in die groep om **met ’n kort gebed (van een of twee sinne) tot God te bid** in antwoord op wat jy vandag geleer het. Of, verdeel die groep in groepies van twee en drie en bid tot God in antwoord op wat jy vandag geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit uitskrif.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om ’n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die christelike verantwoordelikhede teenoor mekaar met iemand anders of met ’n klein groepie mense.

2. Persoonlike tyd met God. Hou elke dag stiltetyd uit ongeveer 'n halwe hoofstuk van Johannes 11:38 – 14:31. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode. Maak aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (6) Johannes 15:1-17. Tema: Hoe dra ek vrug? Maak gebruik van die vyf stappe metode. Maak aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, stiltetye en die christelike verantwoordelikhede teenoor mekaar.